

'Iets uit die Wilde Weste'

Regses vas oor ander 'aanval'

➔ "Gunther het so 'n moerse aanvalspak, jy moes dit sien. Ons noem hom 'Gladiator', want hy glo hy lewe nog in die Bybelse tyd. Hy en Van Zyl behoort aan die een of ander Israelitiese geloof."

JACQUES STEENKAMP
IN MOOKGOPHONG
jacques.steenkamp@rapport.co.za

Drie verregses se mislukte aanval op 'n opleidingskamp vir veiligheidswagte het daartoe gelei dat 'n moontlike komplot onthul is om 'n volgepakte kerk in Mookgophong (Naboomspruit) op te blaas.

Dié drie regses, wat beskryf is as "iets uit die Wilde Weste", met plofstof in hul motor en " 'n moerse aanvalspak", het Donderdagaand glo 'n wraakaanval probeer uitvoer op die opleidingskamp Boereboerhoutlaagte, suid van die dorp, waar hulle vroeër onsuksesvol probeer het om self die opleidingsprogram te voltooi.

Die drie het na bewering die plaas se elektriese hek oopgedwing en vir die mense wat daar woon gesê "ons gaan julle opblaas". Hulle het twee tente aan die brand gestee en toe probeer vlug, maar is deur die plaas se inwoners aangekeer.

Mnr. Juan "Snorre" van Zyl (48), Tommy Oosthuizen (50) en Gunther Jurgens Kotze (31) is intussen in hegtenis geneem. Allerlei okkulte en godsdienstige parafernalia is ook in hul besit gevind.

Volgens mnr. Andries Janse van Vuuren, direkteur van plaasbeveiliging van die Boerebeskermingsforum (BBF), wat die opleidingsplaas bedryf waarop die aanval plaasgevind het, het Oosthuizen vermoedelik vir die polisie gesê hy dink sy makkers het beplan om 'n kerk in die dorp of in Mokopane (Potgietersrus) op te blaas.

Die polisie vermoed die kerkaanval sou vandag plaasgevind het en dat 'n NG of Hervormde kerk die teiken was.

Janse van Vuuren het gesê die drie mans het sowat twee weke gelede by die opleidingskamp opgedaag om vir opleiding as veilig-



Die NG kerk Naboomspruit is een van die kerke wat die verregses moontlik beoog het om op te blaas. | FOTO: MARY-ANN PALMER



Mnr. Andries Janse van Vuuren is 'n direkteur van die Boerebeskermingsforum. Hulle besit 'n opleidingsplaas vir plaaswagte wat die afgelope week deur drie verregses aangeval is. FOTO: MARY-ANN PALMER



Mnr. Gunther Jurgens Kotze, een van die drie regses wat naby Mookgophong (Naboomspruit) in hegtenis geneem is.



Een van die "regse Bybels" wat gevind is tussen die besittings van drie verregses wat die afgelope week in Mookgophong (Naboomspruit) in hegtenis geneem is. | FOTO: MARY-ANN PALMER

heidswagte "geëvalueer" te word, maar ná 'n paar dae was dit duidelik hulle gaan 'n probleem wees en hulle is gevra om op hul eie in hul tente te bly.

Dit is dié tente wat hulle Donderdagaand aan die brand gestee het.

"Gunther het so 'n moerse aanvalspak, jy moes dit sien. Ons noem hom 'Gladiator', want hy glo hy lewe nog in die Bybelse tyd. Hy en Van Zyl behoort aan die een of ander Israelitiese geloof."

Die drie het glo byna 'n week lank verdwyn voordat hulle Donderdagaand daar opgedaag het om die plaas op te blaas.

"Ek en een van die ander mans het hulle aangekeer en vasgebind. Ons het toe die polisie ontbied. Daar is plofstof in hul motor gevind. Dit is soos die regte Wilde Weste."

Volgens hom is die BBF nie 'n regse beweging nie. "Ons is 'n vry-

willige assosiasie en gee vir werklose veiligheidswagte werk."

Desondanks het sowat 50 polisieledes Vrydagoggend op die opleidingsplaas, waar 'n Vierkleur op die paraderrein wapper, toegesak om vas te stel of daar nog moeilikheid kom.

Die polisie het op die Vierkleur beslag gelê.

Brig. Hangwani Mulaudzi, provinsiale polisiewoordvoerder, het in 'n verklaring gesê die polisie het onder die drie verdagtes se besittings op tuisgemaakte swaarde, knuppels met ysterpunte, valhelms, koeëlvaste baadjies en vermoedelik plofstofmateriaal afgekom. Daar is ook pamflette met pentagramme en die naam "Lucifer" in die motor gevind. Twee "verregse Bybels", wat aan Kotze behoort, is ook gekry.

'n Polisielid het gesê daar is 'n

videokamera in die motor gevind met beeldmateriaal van verskeie kerke.

Inwoners van die dorp het geskok gereageer.

"Ek onthou hulle, want die eerste keer wat hulle hier opgedaag het, het hulle uitgestaan. Hulle was baie rassisties en die ou met die cowboy-hoed (Van Zyl) het die Vierkleur op sy hemp gehad," het 'n plaaslike restauranteienaar aan Rapport gesê.

➔ Kotze was verlede jaar ook in die nuus toe hy 'n Voortrekkermonument in Witbank (eMalaheni) verniel het omdat dit volgens hom 'n simbool van "Satan se penis" was. Hy het soms ook die naam "Boereviking" vir homself gebruik.

“Hulle was baie rassisties en die ou met die cowboy-hoed het die Vierkleur op sy hemp gehad.**”**



'n Polisiesman wys die aanvalspak wat aan mnr. Gunther Jurgens Kotze, een van die verregse aanvallers, behoort het. Kennisse het hom "Gladiator" genoem. | FOTO: MARY-ANN PALMER